# Die nuwe tweepotstelsel vir pensioenfondse

**Deur Eben Rautenbach, PSG Wealth-adviseur**

Daar word redelik baie in die media berig oor die nuwe tweepotstelsel vir pensioenfondse wat op 24 Februarie 2024 tydens die begrotingsrede in die parlement bevestig is, en teen 1 September vanjaar in werking moet tree. Ek kry baie navrae vanaf kliënte oor wat hierdie tweepotstelsel behels en hoe dit gaan werk.

Die huidige pensioenfondswetgewing is buitengewoon onbuigsaam en tans is werkende mense weens trae ekonomiese groeikoerse en stygende lewenskoste met skuld belaai. Op die oomblik kan werkende mense wat nog nie aftree-ouderdom bereik het nie, slegs toegang tot hulle aftreegeld kry indien hulle bedank, aftree of afgelê word.

Baie werkers besluit dan te midde van 'n geldkrisis om te bedank, sodat hulle toegang tot hul pensioengeld kan kry, en sit dan sonder werk. Baie mense wil ook nie bydraes tot uittree-annuïteite maak nie, juis omdat daar ten tye van 'n krisis geen toegang tot die fondse is nie. Vanuit 'n adviesoogpunt wil 'n mens nooit aan jou aftreefondse raak nie, maar met 'n werkloosheidsyfer van meer as 32% kan jy nie net met een oog daarna kyk nie.

*Figuur 1* beeld kortliks uit wat die nuwe tweepotstelsel behels. Dit sluit alle bydraes tot uittree-annuïteite, pensioenfondse of voorsorgfondse ná 1 September 2024 in. Die huidige fondse tot en met 31 Augustus vanjaar bly in die gevestigde pot en is onderworpe aan die ou reëls. Op 1 September vanjaar sal slegs 10% (tot 'n maksimum van R30 000) hiervan oorgedra word na die spaarpot.


## Wie kan deelneem?

Indien jy op 1 Maart 2021 'n lid was van 'n voorsorgfonds en bydraes tot daardie fonds gelewer het, op daardie datum ouer as 55 was en steeds op 1 September 2024 'n lid is, kan jy kies of jy deel wil wees van die tweepotstelsel. Indien die keuse nie uitgeoefen word nie, bly alles soos dit is, met dieselfde reëls.

Indien jy egter kies om deel van die tweepotstelsel te wees, sal jou aftreegeld in drie komponente verdeel word. Die gevestigde pot bestaan uit jou voorsorgfonds se fondswaarde op 31 Augustus 2024 plus groei daarop, minus die verpligte 10% of R30 000 van die fondswaarde wat oorgaan na die spaarpot. Die spaarpot bestaan dan uit die 10% of R30 000 wat op 1 September 2024 oorgedra is, een derde van alle bydraes tot die fonds vanaf 1 September 2024 en die groei daarop, minus enige jaarlikse onttrekkings.

Die aftreepot sal bestaan uit twee derdes van alle bydraes vanaf 1 September 2024 en alle groei daarop. Die belasting op enkelbedrae en annuïteit-inkomste vanaf die gevestigde pot en aftreepot onderskeidelik, bly onveranderd soos voorheen wat aftrede of bedanking betref. Die nuwe spaarpot se onttrekkings voor aftrede word volgens die inkomstebelastingtabelle belas. Onttrekkings uit die spaarpot by aftrede word volgens die aftreebelastingtabelle vir onttrekkings belas.

**Figuur 1: Werking van die tweepotstelsel.**




Die inligting in hierdie artikel is nie finansiële, belasting-, regs- of beleggingsadvies nie en die maatskappye in die PSG Konsult Groep waarborg nie die geskiktheid of potensiële waarde daarvan nie. Aangesien individuele behoeftes en risikoprofiele verskil, stel ons voor dat jy jou gekwalifiseerde finansiële adviseur raadpleeg indien nodig. PSG Wealth Financial Planning (Pty) Ltd is 'n gemagtigde finansiële diensverskaffer (FDV 728).

Vir meer inligting, kontak Eben Rautenbach (PSG Wealth Bloemfontein Deale Road) by eben.rautenbach@psg.co.za of 072 958 5228.

Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

# CHIPS

VOL 38 NO 4 • JULY / AUGUST 2024



## POTATOES SA CONGRESS & SEED POTATO GROWERS' FORUM PROGRAMME 2024

## KULTIVAR- EN VERWERKINGSPROEWE ONDER BESPROEIING OP PETRUSBURG EN MARBLE HALL IN 2023

Precision breeding for resilient spuds

Empowering small-scale producers through the EDP

Market monitor: First 22 weeks at FPMs